OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

20c | Wednesday 11 July 1979 | WINDHOEK | Woensdag 11 Julie 1979 | No. 3993

Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN
Secretary of the National Assembly of South West Africa

Windhoek

No. AG. 63 — 11 July 1979

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:—

No. 2 of 1979: Identification of Persons Act, 1979

Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

N. J. DAVIN
Sekretaris van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika

Windhoek

No. AG. 63 — 11 Julie 1979

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:—

No. 2 van 1979: Wet op Identifikasie van Persone, 1979

Act No. 2, 1979 **IDENTIFICATION OF PERSONS ACT, 1979**

(English text signed by the Administrator-General on 9 July 1979)

ACT

To provide for the identification of persons in the territory who are of or over the age of sixteen years and for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa as follows —

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates —

(i) "identity document" —

(a) in relation to any person born in or ordinarily resident in the territory, means an identity document issued under section 3;

(b) in relation to any other person not being a refugee, means any passport, reference book, certificate of citizenship or official document of identity issued by the government of the territory or country of which such other person is a citizen or in which he is ordinarily resident, or any document in the form determined by the registering officer and issued by any member of the security forces stating that he is satisfied that such other person is a *bona fide* visitor to the territory;

(c) in relation to a refugee, means a permit issued under section 4; (iii)

(ii) "member of the security forces", in so far as it relates to a member of the South African Defence Force, means any such member who is a commissioned officer or a non-commissioned officer; (iv)

(iii) "prescribed" means prescribed by regulation; (ix)

(iv) "refugee" means a refugee from any territory or country bordering on the territory; (viii)

(v) "registering officer" means such holder of an office in the service of the State as the Administrator-General may from time to time designate by notice in the *Official Gazette* and shall include any person acting under a delegation from or under the control of such holder of an office; (v)

WET OP IDENTIFIKASIE VAN PERSONE, 1979 **Wet No. 2, 1979**

(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 9 Julie 1979)

WET

Om voorsiening te maak vir identifikasie van persone in die gebied wat sestien jaar of ouer is en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg —

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken — Woordomskrywings.

(i) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (viii)

(ii) "hierdie Wet" ook die regulasies; (ix)

(iii) "identiteitsdokument" —

(a) met betrekking tot 'n persoon wat in die gebied gebore is of gewoonlik daarin woonagtig is, 'n identiteitsdokument kragtens artikel 3 uitgereik;

(b) met betrekking tot 'n ander persoon wat nie 'n vlugteling is nie, 'n paspoort, bewysboek, sertifikaat van burgerskap of amptelike identiteitsdokument wat uitgereik is deur die regering van die gebied of land waarvan daardie ander persoon 'n burger is of waarin hy gewoonlik woonagtig is, of 'n dokument in die deur die registrasiebeampte bepaalde vorm uitgereik deur 'n lid van die veiligheidsmagte wat verklaar dat hy oortuig is dat daardie ander persoon 'n *bona fide* besoeker aan die gebied is;

(c) met betrekking tot 'n vlugteling, 'n permit kragtens artikel 4 uitgereik; (i)

(iv) "lid van die veiligheidsmagte", vir sover dit op 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag betrekking het, so 'n lid wat 'n offisier of 'n onder-offisier is; (ii)

(v) "registrasiebeampte" die bekleder van 'n amp in diens van die Staat, wat die Administrateur-generaal van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* aanwys en ook 'n persoon wat op las van of onder die beheer van daardie bekleder van 'n amp optree; (v)

(vi) "regulation" means a regulation made under section 8; (vi)

(vii) "security forces" means the South African Police and the South African Defence Force and any such other body or force or category or group of persons as the Administrator-General may from time to time by proclamation in the *Official Gazette* declare to be a security force for the purposes of this Act; (vii)

(viii) "territory" means the territory of South West Africa; (i)

(ix) "this Act" includes the regulations. (ii)

Possession and production of identity documents.

2. (1) After a date to be fixed by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette,* any person in the territory who is of or over the age of sixteen years, shall be in possession of an identity document and shall at the request of any member of the security forces produce such identity document within such reasonable time and to such person and at such place as such member may specify.

(2) Any person who fails to comply with any request under subsection (1) shall, until the contrary is proved, be deemed not to be in possession of an identity document and may be arrested without warrant by the member of the security forces making such request.

Issue of identity documents to persons born in or ordinarily resident in the territory.

3. The registering officer shall on application in the prescribed form by any person born in or ordinarily resident in the territory, issue to such person an identity document in the prescribed form.

Issue of temporary permits to refugees.

4. Whenever any member of the security forces is satisfied that any person is a refugee, he may subject to such terms, conditions, restrictions or directions, and for such period and in such form as the registering officer may direct, issue to such person a permit to be in the territory.

Surrender of identity documents reflecting incorrect particulars.

5. Any person to whom an identity document has been issued under this Act which contains any particulars which are incorrect or which by reason of any change of circumstances have become incorrect, or on which the photograph of such person has ceased to be a recognisable image of himself, shall, at the request of the registering officer in writing, surrender such identity document to the registering officer who shall issue a fresh identity document to such person.

Particulars in applications and identity documents not to be published or communicated except in certain cases.

6. (1) No person employed for the purposes of this Act and no person to whom an identity document is produced in terms of this Act or any other law, shall, subject to the provisions of subsection (2), publish or communicate to any other person, otherwise than for the purposes of this Act or any criminal proceedings or the performance of his functions in terms of any other law, any information acquired

(vi) "regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 8 uitgevaardig; (vi)

(vii) "veiligheidsmagte" die Suid-Afrikaanse Polisie en die Suid-Afrikaanse Weermag en die een of ander liggaam of mag of kategorie of groep persone wat die Administrateur-generaal van tyd tot tyd as 'n veiligheidsmag by die toepassing van hierdie Wet by proklamasie in die *Offisiële Koerant* verklaar; (vii)

(viii) "vlugteling" 'n vlugteling uit 'n gebied of land wat aan die gebied grens; (iv)

(ix) "voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf. (iii)

Besit en vertoning van identiteitsdokumente.

2. (1) Na 'n deur die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaalde datum, moet 'n persoon in die gebied wat sestien jaar of ouer is, 'n identiteitsdokument besit en moet hy op versoek van 'n lid van die veiligheidsmagte daardie identiteitsdokument binne die redelike tyd en aan die persoon en op die plek vertoon wat daardie lid bepaal.

(2) 'n Persoon wat versuim om aan 'n versoek kragtens subartikel (1) te voldoen, word, totdat die teendeel bewys word, geag nie 'n identiteitsdokument te besit nie en kan deur die lid van die veiligheidsmagte wat die versoek doen, sonder lasbrief in hegtenis geneem word.

Uitreiking van identiteitsdokumente aan persone wat in die gebied gebore is of gewoonlik daarin woonagtig is.

3. Op aansoek in die voorgeskrewe vorm deur 'n persoon wat in die gebied gebore is of gewoonlik daarin woonagtig is, reik die registrasiebeampte aan daardie persoon 'n identiteitsdokument in die voorgeskrewe vorm uit.

Uitreik van tydelike permitte aan vlugtelinge.

4. Wanneer 'n lid van die veiligheidsmagte oortuig is dat 'n persoon 'n vlugteling is, kan hy behoudens die bepalings, voorwaardes, beperkings of voorskrifte, en vir die tydperk en in die vorm wat die registrasiebeampte gelas, 'n permit om in die gebied te wees, aan daardie persoon uitreik.

Teruggawe van identiteitsdokumente wat onjuiste besonderhede aangee.

5. 'n Persoon aan wie daar kragtens hierdie Wet 'n identiteitsdokument uitgereik is wat besonderhede bevat wat onjuis is of wat omrede veranderde omstandighede onjuis geword het, of waarop die foto van daardie persoon nie meer 'n herkenbare beeld van hom is nie, moet op skriftelike versoek van die registrasiebeampte, daardie identiteitsdokument teruggee aan die registrasiebeampte wat 'n nuwe identiteitsdokument aan daardie persoon moet uitreik.

Besonderhede in aansoeke en identiteitsdokumente word nie, behalwe in sekere gevalle, bekend gemaak of meegedeel nie.

6. (1) Geen persoon wat by die toepassing van hierdie Wet diens doen en geen persoon aan wie 'n identiteitsdokument ingevolge hierdie Wet of 'n ander wet vertoon word, mag, behoudens die bepalings van subartikel (2), inligting by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet of 'n ander wet deur hom verkry, bekend maak of aan 'n ander persoon meedeel nie, behalwe vir doeleindes van hierdie Wet of strafregtelike stappe of die verrigting van sy

by him in the performance of his functions under this Act or any other law, and no person who comes into possession of such information which to his knowledge has been communicated to him in contravention of the provisions of this section, shall publish or communicate such information to any other person.

(2) The registering officer may, notwithstanding the provisions of subsection (1) —

(a) furnish any department of State, any authority established by or under any law or any statutory body, for any of the purposes of that department, authority or body, with any particulars which any person who has in terms of this Act applied for an identity document, has in his application furnished in relation to himself;

(b) on payment of the prescribed fee, if any,furnish any person, upon written application by him, with any particulars as aforesaid, provided the registering officer is satisfied that it is in the interests of the person who furnished such particulars that such particulars be supplied.

Offences and penalties.

7. Any person who —

(a) forges or utters, knowing it to be forged, or makes any unauthorized alteration in any identity document; or

(b) having come into possession of an identity document belonging to another person, represents it to be his own or fails to dispatch it or hand it over as soon as practicable to the person to whom it belongs or to the registering officer; or

(c) fails to comply with or performs any act contrary to the terms, conditions, restrictions or directions subject to which any permit contemplated in section 4 has been issued to him; or

(d) for the purpose of obtaining, whether for himself or for any other person, any identity document or any information under this Act, makes any statement or representation knowing it to be false or not knowing or believing it to be true; or

(e) fails to comply with a request made under section 5; or

(f) contravenes or fails to comply with any provision of this Act,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

werksaamhede ingevolge 'n ander wet, en geen persoon wat in besit van sodanige inligting kom wat na sy wete aan hom meegedeel is in stryd met die bepalings van hierdie artikel, mag daardie inligting bekend maak of aan 'n ander persoon meedeel nie.

(2) Die registrasiebeampte kan, ondanks die bepalings van subartikel (1) —

(a) aan 'n Staatsdepartement, 'n by of kragtens wet ingestelde owerheid of 'n statutêre liggaam, vir die doeleindes van daardie departement, owerheid of liggaam, besonderhede verstrek wat 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet om 'n identiteitsdokument aansoek gedoen het, in sy aansoek met betrekking tot homself verstrek het;

(b) by betaling van die voorgeskrewe gelde, as daar is, aan 'n persoon op skriftelike aansoek deur hom, die voormelde besonderhede verstrek, mits die registrasiebeampte oortuig is dat dit in belang van die persoon is wat die besonderhede verstrek het, dat die besonderhede verstrek word.

Misdrywe en strawwe.

7. 'n Persoon wat —

(a) 'n identiteitsdokument vervals of uitgee, met die wete dat dit vervals is, of 'n ongemagtigde verandering daarin aanbring; of

(b) nadat hy in besit gekom het van 'n identiteitsdokument wat aan 'n ander persoon behoort, voorgee dat dit sy eie is of versuim om dit so spoedig doenlik aan die persoon aan wie dit behoort of aan die registrasiebeampte te versend of te oorhandig; of

(c) versuim om te voldoen aan of 'n handeling verrig in stryd met die bepalings, voorwaardes, beperkings of voorskrifte onderworpe waaraan 'n in artikel 4 beoogde permit aan hom uitgereik is; of

(d) ten einde 'n identiteitsdokument of inligting ingevolge hierdie Wet te verkry, hetsy vir homself of vir 'n ander persoon, 'n verklaring aflê of iets voorgee wat na sy wete vals is of sonder dat hy weet of glo dat dit waar is; of

(e) versuim om aan 'n versoek te voldoen wat kragtens artikel 5 aan hom gerig is; of

(f) 'n bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Regulations.

8. The Administrator-General may make regulations in relation to —

(a) the form of application for identity documents;

(b) the taking of such photographs as may be required by the registering officer for the purposes of identity documents;

(c) the form and composition of identity documents;

(d) the taking of such finger prints and obtaining of such signatures as may be required to be included in such documents;

(e) the furnishing of proof that an application for an identity document has been made;

(f) the manner of delivery of identity documents to applicants;

(g) the issue of duplicate identity documents, the circumstances in which and the conditions subject to which such duplicates may be issued and the fees payable therefor;

(h) the surrender and seizure of identity documents;

(i) the period of validity of identity documents issued under section 3, and the issue of identity documents to replace identity documents which have lapsed;

(j) notification by the holder of an identity document issued under this Act, of any change of his ordinary place of residence or his postal address;

(k) the issue of certificates of particulars contained in identity documents or in applications for identity documents, the purposes for which such certificates may be used and the evidential value of such certificates,

and generally, in relation to all matters which by this Act are required or permitted to be prescribed or which he may deem it necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this Act may be achieved.

Operation of Act in relation to other laws.

9. (1) The provisions of this Act shall be in addition to and not in substitution for any other law relating to identity documents which applies in the territory.

(2) The possession by any person of an identity document issued under or in terms of any such other law shall not exempt such person from complying with any provision of this Act.

Regulasies.

8. Die Administrateur-generaal kan regulasies uitvaardig met betrekking tot —

(a) die vorm van aansoek om identiteitsdokumente;

(b) die neem van die fotos wat deur die registrasiebeampte benodig word vir doeleindes van identiteitsdokumente;

(c) die vorm en samestelling van identiteitsdokumente;

(d) die neem van vingerafdrukke en die verkryging van handtekeninge wat vir insluiting by bedoelde dokumente benodig word;

(e) die verskaffing van bewys dat 'n aansoek om 'n identiteitsdokument gedoen is;

(f) die wyse van lewering van identiteitsdokumente aan applikante;

(g) die uitreiking van duplikaatidentiteitsdokumente, die omstandighede waaronder en die voorwaardes onderworpe waaraan die duplikaatidentiteitsdokumente uitgereik kan word en die gelde daarvoor betaalbaar;

(h) die teruggee van en beslaglegging op identiteitsdokumente;

(i) die geldigheidsduur van identiteitsdokumente wat kragtens artikel 3 uitgereik is, en die uitreiking van identiteitsdokumente ter vervanging van identiteitsdokumente wat verval het;

(j) kennisgewing van verandering van sy gewone verblyfplek of sy posadres deur die houer van 'n identiteitsdokument wat kragtens hierdie Wet uitgereik is;

(k) die uitreiking van sertifikate met besonderhede vervat in identiteitsdokumente of in aansoeke om identiteitsdokumente, die doeleindes waarvoor daardie sertifikate gebruik kan word en die bewyswaarde daarvan,

en in die algemeen, met betrekking tot alle aangeleenthede wat by hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word of wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

Werking van Wet met betrekking tot ander wette.

9. (1) Die bepalings van hierdie Wet is benewens en nie ter vervanging van enige ander wet met betrekking tot identiteitsdokumente wat in die gebied van toepassing is nie.

(2) Die besit deur 'n persoon van 'n identiteitsdokument kragtens of ingevolge so 'n ander wet uitgereik, onthef daardie persoon nie van nakoming van 'n bepaling van hierdie Wet nie.

Saving.

10. A member of the security forces, being a member of the South African Defence Force, shall exercise his powers under this Act only in a security district as defined in the Security Districts Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 9 of 1977).

Short title and commencement.

11. This Act shall be called the Identification of Persons Act, 1979, and shall come into operation on a date to be determined by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette*.

Voorbehoud.

10. 'n Lid van die veiligheidsmagte wat 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag is, oefen sy bevoegdhede kragtens hierdie Wet uit slegs in 'n veiligheidsdistrik soos omskryf in die Proklamasie op Veiligheidsdistrikte, 1977 (Proklamasie AG. 9 van 1977).

Kort titel en inwerkingtreding.

11. Hierdie Wet heet die Wet op Identifikasie van Persone, 1979, en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.